Epos: volksies@hvsgrt.org.za

Telefoon: 0824985696

Volume 20, Maart 2018

Oudskoliere en Vriende van Volkskool

GRAAD 1-KLAS VIR 2018 TYDENS 'n PIEKNIEK SAAM MET DIE LEERLINGRAAD

HVS Graad 8's

TROTS VOLKSKOOL

OUDSKOLIEREBOND KOMITEE

2018 Komitee vir die Oudskoliérebond is as volg:

VOORSITTER
Kosie van Schalkwyk

VISE-VOORSITTER
Roche van Heerden

Kosie, Emmelyn en Lynelle

KOMITEE
Pieter Nel, Dawie Putter, Benadie Snyman, Sanneke van der Merwe, Lulette Steynberg, Cornie Jansen, Henlein Bertram, Tinkie Naudé, JP Smith, Geoff Crewe-Brown en Proppie Truter.

Totsiens mnr. Stef Vermeulen

In 1988 sluit 'n jong, passievolle en uiters talentvolle jong sportman hom by Hoër Volkskool aan.

Hy is aangestel as die Liggaamlike Opvoedingonderwyser en rig ook atletiek, hokkie en tennis af.

'n Groot deel van sy loopbaan deel hy sy kennis en ervaring met verskeie sportmanne en –vroue en behaal hulle goeie sukses. Van sy atlete se rekords staan vandag nog. Tennis- en hokkiespanne presteer ook goed in hierdie tyd.

Op sy stil en rustige manier het hy as sportorganiseerder menige suksesvolle toernooie en byeenkomste gereël.

Hy was 'n kundige op sy vakgebied en was vir jare die junior Geskiedenis en Aardrykskunde onderwyser en het later ook senior Aardrykskunde en Besigheidstudies aangebied.

Sy motto "'n toebek is 'n heel bek" was 'n goeie voorbeeld vir elke kollega en leerling. Ook sal hy onthou word vir sy unieke danspassies wat deel uitgemaak het van skoolkonserte.

Treffende huldeblyke is aan hom gebring deur kollegas tydens sy afsluitingsete na 30 jaar. Die Hoër Volkskoolfamilie neem swaar afskeid van 'n onderwyser wat diep spore getrap het en wens hom 'n gelukkige aftrede toe.

TOTSIENS AAN DIE OUDSKOLIEREBOND VOORSITTER

Hendrik Wolfaardt was vir 7 jaar betrokke by die Oudskoliérebond en vir die afgelope 4 jaar die Voorsitter.

Weens werksverpligtinge kan hy nie verder betrokke bly by die komitee se werksaamhede nie.

Ons wil hom graag bedank vir sy visie die afgelope jare en al die positiewe insette jaar na jaar. Onder sy leiding het ons groot spronge vorentoe gegee.

Hendrik, ons wens jou net die beste toe en vertrou dat jy eendag wanneer dit rustiger is, weer aktief betrokke sal raak by hierdie komitee.

Getroue ondersteuner

Baie dankie aan mnr John Humphrey Nell (Matriek 1950) wat elke jaar geld skenk vir die skoolkoerant en kultuuraktiwiteite. Dankie ook vir die waardevolle inligting wat gereeld met die Oudskoliérekantoor gedeel word.

Skakel ons gerus indien jy ook betrokke wil raak in ander projekte hier by Volkskool!

Oudskoliere en Vriende van Volkskool

Volkskool Oudskolierebond
Hoër Volkskool
Plasket straat 38
Graaff-Reinet
6280

Tel No: 071 659 6957 / 082 498 5696
Faks: 049 8910515
E-pos: volksies@hvsgrt.org.za
Facebook: Volkskool Oudskolierebond

Bankbesonderhede:
Volkskool Oudskolierebond
FNB Business Transact: 62268799685

Debietorder:

FONDSINSAMELING

Ons vra graag al ons Oud-skoliere en Ondersteuners om ons te help met 'n maandelikse debietorder. Elke bydrae, hoe klein ookal, maak 'n groot verskil aan die projekte wat ons hier by die skole kan aanpak.

Donasie:

Ons is geregistreer kragtens Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet van 1962 as n Nie-winsgewende Organisasie wat 'n belastingvoordeel vir u inhou wanneer donasies gemaak word aan die Oud-skolierebond. Maak asseblief gebruik van hierdie geleentheid om u swaarverdiende belastinggeld beter te benut!

My School:

My School is 'n wonderlike manier om fondse in te samel vir jou skool, sonder dat dit jou iets kos. Registreer by www.myschool.co.za en ontvang 'n My School kaart. Kies een of almal van die volgende en help ons skole: Volkskool Hoërskool—Graaff-Reinet, Volkskool Laer-skool—Graaff-Reinet en WE Pienaar Pre-premêr.

Interskole & Reüniefunksie: 10 -12 Augustus

BELANGRIKE DATUM

2018 REÜNIE GROEPE 2018

1958- 60 jaar reünie	1963 - 55 jaar reünie
1966 - 52 jaar reünie en klasmaats se 70ste verjaarsdag	
1968 - 50 jaar reünie	1973 - 45 jaar reünie
1978 - 40 jaar reünie	1983 - 35 jaar reünie
1988 - 30 jaar reünie	1993 - 25 jaar reünie
1998 - 20 jaar reünie	2003 - 15 jaar reünie
2008 - 10 jaar reünie	2013 - 5 jaar reünie

BELANGRIKE DATUM

TROTS VOLKSKOOL

Laer Volkskool

FOTO's BO:

Spanboudag vir die onderwysers aan die einde van 2017 op die rolbalbaan.

FOTO'S REGS:

Prysuitdeling 2017
Hier is al die leerlinge wat 'n trofee ontvang het .

Akademie bly bo aan die lys, maar behalwe dit kan Volkskoolleerlinge aan die volgende sportsoorte deelneem:

Atletiek, Boogskiet, Swem

Tennis, Krieket en Landsdiens.

Daar word tyd ingeruim vir 'n besoek aan die Burgerstrand-huis en selfs Valentynsdag word gevier by die skool.

Besoek gerus hul "Facebook"-blad vir nuus en foto's

Oudskoliere en Vriende van Volkskool

Op 28 Februarie 2018 is Danita du Plessis, 'n leerling van Laer Volkskool, deur die Onderwysdepartement vereer vir haar atletiekprestasie gedurende 2017.

Sy het die seisoen afgeskop met 'n rekord tydens die skool se Kleurebyeenkoms. Sy vêrbeter die bestaande rekord (8,88m) met die pragafstand van 11,65m. Sy vorder tot by die Oos-Kaap Kampioenskappe waar sy kwalifiseer om die Oos-Kaapspan by die Suid Afrikaanse Kampioenskappe te verteenwoordig. Sy presteer besonder goed by die SA Kampioenskappe deur die gewigstoot vir dogters o.12 te wen met 'n afstand van 11,85m. Sy ontvang 'n trofee asook 'n sertifikaat as erkenning.

Tweekamp

Mia Botha het 'n silwer medalje vir dogters o. 8 Woensdag by die OP Tweekamp Kampioenskappe in Port Elizabeth verower. Sy het ook algehele tweede plek vir dogters o.8 verower.

SWEM – Interskole gala

Op Dinsdag, 21 Februarie het die jaarlikse Interskole Swemgala tussen Volkskool en Union, plaasgevind. Laer Volkskool tree as die wenners uit die stryd tussen die Laerskole.

Rekords wat verbeter is vir Graad 1 tot 4 Individuele Wisselslag:

LVS A span: Harry Bruwer, Hannes van der Merwe, Aiden Thiart, Kian Keyser 1:37,15
LVS B span: Francois Naude, De Wet Stroebel, Louis de Wet, Ruben van der Ahee 1:43,41
25m dogters o.8 rugslag: Cara van der Merwe 25,49

25m Seuns 0.8 rugslag: Frederick de Klerk 24.90 en Johan Viljoen 27.75

25m Dogters o.8 Borsslag: Mia Botha 35.24

25m Seuns o.10 Borsslag: Kian Keyser 26.55, Hannes van der Merwe 27.02 en De Wet Stroebel 28.67

Victor Ludorum: Hannes van der Merwe en Victrix Ludorum: Carien de Wet

Laer Volkskool was ook die wenners van die Karoo Swemgala waaraan Volkskool, Laerskool Cradock, Laerskool Gill, Yellowwood Laerskool en Union deelgeneem het.

Atletiek

Op Vrydag, 16 Februarie 2018, het 11 van LVS se atlete aan die Sarah Baartman Atletiek-byeenkoms deelgeneem. Die atlete het baie goed gevaar. Die volgende atlete was deur na die Provinsiale byeenkoms in Maart in Cradock:

Hannes van der Merwe – 70m hekkies, hoogspring ; Janru Groenewald – gewigstoot; Aiden Thiart – Gewigstoot; Anishke Luiters – 75m hekkies; Danita du Plessis – gewigstoot, en JJ Theron – Gewigstoot

Tennis

Die volgende leerders is vir die OP-Plattelandsetennisspanne gekies:

Onder 10: Louwen Wolfaardt (nr 1), Ruan van der Merwe (nr 2), Francois Naudé (nr 4) en Petrus Wolfaardt (reserwe)
Onder 12: SP Theron (nr 1); Zanri Groenewald (nr 1); AJ de Jager (nr 6) en Jani van der Merwe (reserwe)
Onder 14: Juan Bezuidenhout (nr 4); Carien de Wet (nr 4) en Danita du Plessis (reserwe)

Hoër Volkskool

Die volgende leerlinge het na afloop van 2017 gekwalifiseer vir erekleure. Om vir erekleure te kwalifiseer moet 'n leerling voldoen aan hoë vereistes of buitengewone goeie prestasies behaal. Agter vlnr: Pierre van der Merwe (Akademie Gr 10), Emile Blignaut (Kultuur), Lara du Plessis (Akademie Gr 11) , Stephan Lategan (Akademie Gr 11) , Maryna Nell (NEtbal) Linda Lötter (Netbal), Justin Gafoor (Akademie Gr 11) Theodor Dörfling (Kultuur) , Megan Nel (Kultuur) .
Voor: Labre Oosthuizen (Kultuur) , Fransene Joubert (Kultuur) , Engeri Fourie (Akademie Gr 11) , Jana Wagener (Akademie Gr 11) , Anne-lou van der Mescht (Akademie Gr 11) , Caitlin du Preez (Akademie Gr 10) , Zileke de Jager (Akademie Gr 11) , Mia du Plessis (Kultuur) , Amorè Cronjè (Kultuur) en Inge van Rooyen (Kultuur) . Afwesig: Liezel Nel (Kultuur)

Graad 12's van 2017

Baie geluk met julle goeie uitslae en voorspoed met jul verdere studies

Oudskoliere en Vriende van Volkskool

Nuwe aanstellings

Corle Ferreira, Erwin Ittershagen-Strauss en Christi Potgieter is drie nuwe aanstellings by Hoër Volkskool.

Corle Ferreira het 2012 aan Gill College te Somerset-Oos gematrikuleer. Sy het daarna Sportwetenskap aan die Universiteit van die Vrystaat studeer, met swem en swemafrigting as haar spesialiteit. Haar swemmers het alreeds goeie prestasies behaal die afgelope kwartaal by Volkskool

Erwin Ittershagen-Strauss is 'n ou bekende in die dorp. Hy het in 2014 sy skoolloopbaan voltooi by Hoër Volkskool. Hy het aan die Universiteit van Stellenbosch 'n graad in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe voltooi en is huidiglik besig met 'n 'Advances Diploma in Teaching" aan die Noord-Wes Universiteit. Hy bied gr 8 en 9 Sosiale Wetenskappe aan, asook graad 10 en 11 Besigheidstudies. Hy wil graag die Volkskoolleerders inspireer om 'n lewende verhouding met God te hê en te streef na uitnemendheid.

Christi Potgieter het in 2010 matriek geskryf aan Eunice High School for Girls in Bloemfontein. Sy het 'n BSc graad in Amerika voltooi en daarna Biokinetika te Kovsies studeer. Sy het haar honneursgraad in Biokinetika aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Sy is aangestel as sekretaresse van die skool maar is ook aktief betrokke by die tennis van die skool. Sy beoog om 'n biokinetika-praktyk in die toekoms oop te maak om sodoende sportrehabilitasie in Graaff-Reinet te doen.

Ons sportwetenskaplikes, Louis en Wynand, is hier besig om deelname in sport aan te moedig, tydens die nuwe inisiatief wat vanjaar by Laer Volkskool van stapel gestuur is.

Die skool bied nou gratis ‘ontwikkeling’-sessies vir Laer Volkskool se jong leerders op ‘n weeklikse basis, aan.

Deur middel van dié sessies probeer die skool die leerders se fiksheid, konsentrasievermoë, deursettingsvermoë, moed en durf, probleem-oplossing, spierontwikkeling, hand-oog-koördinasie, dissipline, balans en stamina verbeter.

Die halfuur-sessies leer die kinders ook om saam in ‘n span te werk.

HET JOU REKORD IN DIE SLAG GEBLY?

Einde Februarie gedurende Volkskool se 2018 Interhuis gala het 10 rekords in die slag gebly. Daar was baie meer swemmers hierdie jaar as in die verlede en mens kon sien dat die sport 'n oplewing toon onder die leierskap van Suliza Conradie en nuwe hoofafrigter, Corlé Ferreria.

Llewellyn Crewe-Brown was die top manswemmer en sy sussie Marlien Crewe-Brown wat in 2018 haar hoërskoolloopbaan hier begin het, het die Victrix Ludorum verower.

Die rekords wat gespat het, was:

Antonie de Beer (2014) se 200 meter Individuele Wisselslag

Jaco Gouws (2016) se 50 meter rugslag

Olivier Dippenaar (1994) se 100 meter vryslag

Llewellyn Crewe-Brown (2017) het sy eie 50 meter vryslag en 100 meter rugslag verbeter

Olivier Dippenaar (1994) se 100 meter vlinderslag

Emmanuel de Beer (2015) se 200 meter vryslag

Bogenoemde tye is almal deur Llewellyn Crewe-Brown verbeter

Marlien Crewe-Brown het 3 rekords ingepalm

50 meter borslag van Ernsl Conradie (2002)

100 m Individuele wisselslag van Jo-Ane Nell (1991)

50m Vlinderslag van Chante Coetzee (2010)

As jou rekord verbeter is of as jy een van die vorige rekordhouers ken stuur, vir ons inligting asseblief! Ek benodig ook foto's van jouself in die Volkskool swembad en sal dit waardeer as jy dit met ons kan deel!